

Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

# CHIPS

VOL 38 NO 5 • SEPTEMBER / OCTOBER 2024



SUCCESSFUL 2024 CONGRESS  
PAVES THE WAY FOR 2025

COMPETITION COMMISSION ON  
FRESH PRODUCE MARKETS

Potato waste:  
Quantity, value, causes

Physiological disorders  
in potato tubers

Potato cultivation  
and climate change



# Akkumulasie van droëmateriaal op aartappels

Deur Johan Fick, agronoom, SQM

**F**otosintese is een van die noodsaklikste prosesse op aarde. Nie net is ons afhanklik van die proses vir die aarde se voorbestaan nie, maar ook vir oorlewing. Maar wat is fotosintese en hoekom is dit so belangrik?

Fotosintese is 'n ingewikkeld reaksie wat hoofsaaklik in die blare van plante plaasvind. Die blare gebruik sonenergie, koolstofdioksied en lig om plantsuikers en suurstof te produeer. Hierdie plantsuikers verskaf weer energie wat nodig is vir groei. Plante ontwikkel in samewerking met nutriente, water en suurstof, en vervaardig komplekse koolhidrate wat gevvolglik meer droëmateriaal (DM)-produksie bewerkstellig.

Die faktore wat fotosintese en gevvolglik DM-produksie affekteer, behels:

- Doeltreffende sonlig wat deur die blaaroppervlakte onderskep word.
- Daglenglente.
- Gesonde plantmateriaal (aartappelmoer gehalte).
- Blaargesondheid, vry van siektes en insekte.
- 'n Gebalanseerde bemestingsprogram.
- Waterbeskikbaarheid en -gehalte.
- Fenologie van die plant en kultivareienskappe.

- Plantdatum.
- Wortelgesondheid.
- ... en nog vele meer!

## Van DM tot voedsel tot energie

Plante kan dus fotosintese gebruik om hul eie 'voedsel' te produseer. Droëmateriaal is eenvoudig die voedsel wat na energie omgeskakel word. Die DM-akkumulasie (DMA) verskil tydens verskillende stadiums van die plant se groei. In aartappels vind DMA in elke deel van die plant plaas, maar die aartappelknolle is van die grootste belang.

Aan die begin is die DMA in die blare en knolle dieselfde, maar aan die einde van die aartappelsiklus vind meer groei in die knolle plaas. Kultivars verskil wat tyd van knolvulling betrek. Sekere kultivars sal die knolvullingstadium vroeër as ander binnegaan. Dit is dus belangrik om te weet wanneer die grootste DMA sal plaasvind, sodat jou bemesting vir optimale doeltreffendheid aangepas kan word.

## Die belangrikheid van bemesting

Gebalanseerde bemesting is uiters belangrik en die goue reëls is:

- Regte plek (kunsmisplasing).
- Regte tyd (van toediening).
- Regte bron (van kunsmis).
- Regte toediening (hoeveelheid kunsmis).

Vir optimale DMA moet 'n kunsmistoediening prakties uitvoerbaar wees en op die regte tyd van die groei-stadium plaasvind. Wanneer gekyk word na stikstofbemesting, is die NH<sub>4</sub><sup>+</sup> tot NO<sub>3</sub><sup>-</sup> (ammonium-tot-nitraat)-verhouding 'n faktor wat in ag geneem moet word. Nitraat sal die opname van belangrike katione fasilitateer en sinergisties met K<sup>+</sup>, Ca<sup>2+</sup> en Mg<sup>2+</sup> (kalium, kalsium en magnesium) saamwerk.

Ammonium word gesien as 'n mededingende katoot en het 'n negatiewe uitwerking op die opname van K, Ca en Mg. Nitraatbemesting bevorder DMA na die knolle en is meer energiedoeltreffend tydens die produksie van DMA. Ammonium, daarenteen, is minder energiedoeltreffend en het 'n laer DMA tot gevvolg. Hoë chloriedtoedienings sal ook nitraatopname onderdruk.

Stikstof en K word in die grootste hoeveelhede deur die aartappelplant opgeneem en is verseker die doeltreffendste bron van N. Kalium-nitraat moet daarom 'n instelling wees by aartappelbemesting. Qrop K\* en Ultrasol K Plus\*\* is SQM se kaliumnitraat wat in water-oplosbare en korrelvorm beskikbaar is. Die gewas se behoeftes kan derhalwe in kritieke tye van N en K voorsien word.

\*Reg nr K5021 Wet 36/1947. Registrasiehouer Sociedad Química y Minera (Africa) (Edms) Bpk.

\*\*Reg nr K5020 Wet 36/1947. Registrasiehouer Sociedad Química y Minera (Africa) (Edms) Bpk.

## Vrywaring

Sover SQM se kennis strek, is die inligting in hierdie artikel akkuraat. Die toepassing van voorwaardes van gebruik en aanwending volgens die aanbevelings, is buite SQM se beheer. Geen waarborg word gegee rakende die akkuraatheid van enige data of stellings in hierdie artikel nie. SQM ontken enige verantwoordelikheid of aanspreeklikheid met betrekking tot die toepassing van die aanbevelings en sal onder geen omstandighede aanspreeklik wees vir enige spesifieke, toevallige of gevvolglike skade wat uit sodanige gebruik voortspruit nie.

Vir meer inligting, besoek SQM se webblad by [www.sqm.com](http://www.sqm.com) of epos Johan Fick by [Johan.Fick@sqm.com](mailto:Johan.Fick@sqm.com)